Publication: Burger,Die(Wes-Kaap) (Sport)
Publication Date: 03 Apr 2017
Page: 13

AVE: 24726.78
Circulation: 42363
Part: 1 of 1



Die Tuks-heelagter Divan Rossouw sal vanaand een van die tuisspan se sleutelspelers wees teen die Shimlas. Foto: GALLO IMAGES

# Tuks sal moeilik gestuit word op tuisveld

**Cobus Claassen**

Tem Tuks se agttal en hou hul generaal, die losskakel Tinus de Beer, in toom.

Die Shimlas se gewigtige taak vanaand teen die Tukkies in die halfeindronde van die Varsitybeker-reeks sien rofweg só daar uit.

Die Tuks is nog nie vanjaar op sy tuisveld getroef nie en die Pretorianers dra die stempel van 'n kampioenspan sedert die Universiteit van Johannesburg (UJ) hulle vroeg in die kompetisie anderkant die Jukskei verras het.

Al wat 'n teenstander is ontgeld dit die laaste ruk en die Tuks het in die proses reeds 46 drieë ingeryg.

Die kampioen in 2012 en 2013 het verlede week teen die Pukke in Potchefstroom 35 keer oor die voordeellyn gekom.

Pote Human, Tuks se breier, sê hy het sy spelers opdrag gegee om met dieselfde vryheid te speel, ongeag die feit dat dit 'n uitklopstryd is.

"Ons het tot hier gekom deur die bal lekker rond te gooi en dit sal dom wees om nou van ons sterkpunt af te wyk.

"Die besef is daar dat enigiets op die dag kan gebeur en dat Shimlas self aanvallend sal speel, maar ons is geestelik baie goed voorberei."

Human se span het nie vooraf gunsteling-status gehad nie, veral omdat dit min of meer dieselfde Tuks-voorhoede is wat verlede seisoen in die halfeind deur die Maties geboelie is.

"Ek dink ons pak is vanjaar meer ervare en 'n hele paar outjies het verlede seisoen hul skoolgeld betaal," sê Human.

Die Tuks het boonop vroeg hul klipharde kaptein Ruan Steenkamp, wat nou vir die Bulle Superrugby speel, verloor.

"Ek was self bekommerd toe ons Stoney verloor het, maar Chris Massyn het die span baie goed gelei. Daar is eintlik baie leiers in die span."

Afgesien van 'n agttal wat wasdom bereik het, is daar 'n rits opkomende sterre soos Divan Rossouw, Dewald Naudé, Impi Visser en Sibahle Maxwane agter.

Tuks se grootste troefkaart is die knap skakelpaar, De Beer en André Warner.

Die Shimlas is onlangs in Bloemfontein deur Tuks afgeransel en die span is nie vanjaar 'n skadu van die Franco Smith-kampioenspan nie.

Human sê die besoekers sal met groot planne opdaag en hulle dink nog hoegenaamd nie aan 'n moontlike eindstryd nie.

"Ons almal weet wat kan gebeur wanneer dit reg of weg is."

■ **Tuks:** Divan Rossouw, Dewald Naude, Toko Maebane, Impi Visser, Sibahle Maxwane, Tinus De Beer, André Warner, Clyde Davids, Chris Massyn (k), Marco van Staden, Aston Fortuin, Bryan Leitch, Neethling Fouché, Corniel Els, Andrew Beerwinkel. PLAASVERVANGERS: Jan-Henning Campher, Jaco Holtzhausen, Marius Verwey, Eduan Lubbe, Theo Maree, Manie Libbok, Joshua Stander, Franco van den Berg.
**Shimlas:** Marco Mason, Vuyani Maqina, Lihleli Xoli, Stephan Janse Van Rensburg (k), Carel Wynand Coetzee, Nicholas Naudé, Dian Badenhorst, Wilandre Kotzenberg, Phumzile Maqondwana, Daniel Maartens, Neil Claassen, Nicolaas Immelman, Ruan Kramer, Anrich Alberts, Kwenzokuhle Blose. PLAASVERVANGERS: Hanno Snyman, Johan Kotze, Thabiso Msiza, Raymond Woest, Nardus Erasmus, Armand Pretorius, Rayhaan Lombaard, Sechaba Matsoele.
■ **16:45:** Maties t. UJ; **19:00:** Tuks t. Shimlas (albei regstreeks op SS1).

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.